# Streek Goudrif ~ Gebied Goueweste
# 30 Okt - 1 Nov 2009: Drie Berge

Met ons aankoms op Drie Berge so teen vieruur Vrydag, het die son heerlik geskyn en kon ons gou ons staan kry voor die ander lede van ons streek arriveer. Skielik het die wolke saamgepak en die res het so in gietende reën aangekom en kamp opgesit. Dis mos wat van jou 'n ware Sawanant maak!

Die saam kuier het toe ook afgeskop met heerlike wawielburgers sommer so onder die tent gebraai ~ praat nie van die vet wat die hele wêreld vol gespat het nie! Dié nag het ons lekker geslaap met die reën in ons ore en die rivier wat dit laat klink of jy by die see staan.

Die volgende oggend het dit nie meer gereën nie en is daar ernstig gekamp, met alles wat lekker is: swem, visvang, pannekoek bak, rugby kyk, braai, ens.

Drie Berge is 'n lieflike plek langs die rivier, met terrasse groen gras en bome, netjiese ablusieblokke, 'n verhitte swembad, stoep by die swembad waar mens kan TV kyk of onthaal en boonop 'n baie vriendelike bestuur.


Hannes, Charl en Vivian kyk hoe die rivier oorloop na die goeie bui reën.


Japie is besig om in
'n bobaas pannekoek-
bakker te ontpop!


Bloubulle sit heel beskeie agter (en naels
terwyl die eindstryd gespeel word!


Kuier, kuier en .... .
KUIER